Uit die hoof se kantoor

My versoek aan elke Laerskool Secunda ouer en leer: wees positief oor ons skool, ondersteun waar u kan en wees betrokke sover moontlik. Maar die belangrikste: u is hierdie skool se beste en sterkste bemarkingsmiddel. Praat positief oor alles wat hier gebeur en plaasvind. Hier by Laerskool Secunda beskik ons oor 'n oopdeurbeleid, en help graag waar ons kan.

Dit is duidelik dat as daar 'n sterk band tussen die drie belangrikste rolspelers (leerders, ouers en personeel) is, en sodoende kan ons skool tot sy volle potensiaal ontwikkel. Ons maak saam 'n wenspan, en wil graag hierop voortbou.



https://rinalouwclinical.co.za/social-emotional-intelligence-amp-attachment/

Rugby

Baie sterkte aan ons o.10 en 1ste span wat die naweek van 31 Mei aan die Mpumalanga uitspele deelneem te Ligbron.

Program vir die uitspele:

o.10	Curro (Bankenveld)	16:00 – 16:45
1ste span	Curro (Nelspruit)	13:00 – 13:55

Redenaars

Baie geluk aan Alandri Bezuidenhout wat tydens die ATKV semi-finale op 10 Mei 'n 8ste plek algeheel behaal het. Ons is baie trots op jou!

Op Maandag 27 Mei en Donderdag 30 Mei neem ons leerders by L/S Goedehoop deel aan die Artistatue redenaarskompetisie.

Baie sterkte!

Oefentye tydens eksamen

Tydens die eksamen gaan die volgende spanne (slegs die toerspanne) op Maandae, Dinsdae en Donderdae vanaf 12:00 – 13:00 oefen.

o.12 en o.13 hokkieseuns en –dogters

o.11A en 1ste span krieket

Trompoppies

Albei ons troepe tree op by die Wieleskou op Saterdag 25 Mei om 14:00. Kom groet ons en Kaptein Kampioen!

Ondersteun ons ook by ons optrede op 31 Mei om 12:30 by die Secunda Hervormde kerk (langs die skool).

Hokkie

Ons is baie opgewonde oor die hokkieseisoen wat voorlê.

Indien u dalk ou hokkiestokke by die huis het, wat nie meer gebruik word nie, stuur dit asseblief vir juffrou Candyce Veldman.

Landloop

Op Saterdag 18 Mei het Laerskool Secunda in samewerking met die Secunda marathonklub 'n klubbyeenkoms aangebied. Baie dankie vir almal wat gehelp het om van die dag 'n groot sukses te maak. Ons atlete het ook puik presteer. Baie geluk aan elkeen.

Daar vind die naweek 'n klubbyeenkoms by Hoërskool Hoogenhout in Bethal plaas. Baie sterkte aan almal wat gaan deelneem.

Skaak

Ons skaakspan het op 22 Mei deelgeneem aan 'n vriendskaplike toernooi by Laerskool Krielpark.

Ons is baie trots op elkeen, en wil die volgende uitblinkers geluk wens met hulle pragtige prestasies:

o.9	1ste plek	Luan Cawood
	2de plek	Ockert Olivier
	3e plek	Lian Cronjé
o.13	1ste plek	Connor Ritchie

Ons kan nie wag om te sien watter skuiwe hulle vorentoe gaan maak nie!

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF